TOERBROERS KAMPUS

TOERISME

NATUUR EN KULTUUR

NQF 4

1 JAAR

TOERISME PASPOORT

By Toerbroers Kampus kombineer ons topgehalte teoretiese opleiding met praktiese ervaring om jou vir ’n suksesvolle loopbaan in die toerismebedryf voor te berei. Met ons CATHSSETA-geakkrediteerde NQF-sertifikate, internasionale erkenning en ekstra voordele soos ’n Toerismepaspoort en Noodhulpsertifisering, kry jy die kennis én vaardighede om wêreldwyd in die toerisme-industrie te werk.

Toerbroers is die grootste Afrikaanse reisagentskap in Suid-Afrika en is ook onlangs as die Beste van Pretoria aangewys in hierdie spesifieke kategorie.

As leiers in die bedryf is Toerbroers ook aktief betrokke by die opleiding van die volgende generasie. Toerisme is een van die dryfvere van die land se ekonomie, en werksgeleenthede op plaaslike en internasionale vlak is bekombaar met die regte opleiding en praktiese ondervinding.

DIE VOLGENDE KURSUSSE WORD BY ONS AANGEBIED

Toerisme Natuur of Kultuur	NQF 4
Toepaslike Diere Gesondheid, Sorg En Voeding	NQF5
Wildsplaas Bestuur	NQF4
Zanzibar Gasvryheids bestuur	NQF2
PH	

Toerbroers Kampusse 2027

Toerbroers maak gebruik van 9 trekkampusse gedurende die loop van die jaar, waar studente teoretiese en praktiese opleiding ontvang.

Ons praktiese skedule is gebaseer op ’n toerismekalender, waar studente drie weke aaneen opleiding ontvang en dan een week af is. Indien ’n student nie huis toe kan gaan tydens die afweek nie, kan hy/sy aansoek doen om by van ons vennootlodges, hotelle of plase praktiese ure en ervaring op te doen.

TOERBROERS KAMPUS

HOOFKAMPUS: CASTLE WALK ESTATE

14km buite Pretoria op Sefako Makgatho Drive, 125 Castle walk Rd, Roodeplaat

Fokus Areas

Orientering | Leer mekaar ken | Toerisme Teorie

31 Januarie- 26 Maart 2027

Die kampus is uiters luuks en het alles wat studente mag benodig om hulle studies te vergemaklik, aangesien dit ook naby hoofweë en winkelsentrums geleë is. Die welige grasperke en tuinareas kan gebruik word vir spanbou en ontspanning, en daar is ook genoeg veilige parkeerplek vir studente.

Die kamers is ruim, modern en toegerus met WiFi en ’n slim-TV. Daar is ook wasgoedgeriewe, en ons kombuis, met ’n professionele sjef, voorsien daaglikse ontbyt,middagete en aandete. Die konferensielokaal is ’n moderne fasiliteit wat oudiovisuele toerusting insluit. Studente sal teoretiese opleiding by die kampus ontvang.







TOERBROERS KAMPUS

ORANIA

Karoo, Noord-Kaap

Fokus Areas

Geskiedkundige Kultuur

PRAKTIESE PROGRAM

4-24 APRIL 2027

Orania is ’n unieke dorpie in die hartjie van die Noord-Kaap, geleë langs die Oranjerivier. Met sy interessante geskiedenis, unieke kultuur en sterk gemeenskapsgevoel bied Orania besoekers ’n besondere ervaring.

Studente kry die geleentheid om Orania op ’n unieke en praktiese manier te ervaar. Hulle sal by verskillende aktiwiteite, projekte en take in die dorp betrokke wees, nuwe mense ontmoet en meer leer oor die gemeenskap, geskiedenis en kultuur van die gebied. Deur praktiese betrokkenheid kry studente die kans om nuwe vaardighede aan te leer, waardevolle werkservaring op te doen en die dorp se unieke karakter eerstehands te ontdek.









SWA-ZULU GAME LODGE

Brits, Noord-Wes

Fokus Areas

- Genetika
- Gasvryheid
- Verskye diere vir natuurkunde
- Kampwild
- Verblyfbestuur
- Wildveiling

PRAKTIESE PROGRAM


2-22 MEI 2027


Swa-Zulu Game Lodge, waar luuksheid en avontuur ontmoet. Studente sal by die lodge die geleentheid kry om praktiese ondervinding in onder andere gasvryheid, lodge- en plaasbestuur, sowel as natuurkunde, op te doen. Swa-Zulu het die WRSA se “Tourism Establishment Award” vir 2024 ontvang. Hulle is ook deel van die “Prestigious Wildsveilings”, waar hulle hul teelgenetika op wildsveilings aanbied.

Swa-Zulu word deur meer as 1500 gaste per jaar besoek en bied die volgende aktiwiteite:


- Wildteel
- Jag
- Bosveld wegbreke
- Wildsritte
- Funksies
- Trou Venue
- Perderitte
- Bootrit op Roodekoppies dam


























TOERBROERS KAMPUS

HOOFKAMPUS: CASTLE WALK ESTATE

14km buite Pretoria op Sefako Makgatho Drive, Castle walk Rd, Roodeplaat


MODELINGE EKSAMEN
24-28 MEI 2027

Studente keer terug na Castle Walk vir hul eerste eksamen!





Na ’n tyd vol nuwe ervarings, avonture en leergeleenthede, is dit tyd om die kennis op die proef te stel. Ons studente keer terug na Castle Walk waar hulle hul eerste eksamen aflê.









TOERBROERS KAMPUS

DONGOLA RANCH

Musina, Limpopo

Fokus Areas

Natuurbewaring

PRAKTIESE PROGRAM

30 Mei-19 Junie 2027

Dr. Heinrich Vollgraaff is ’n wildveearts wat hom beywer vir die versorging, behandeling en bewaring van Suid-Afrika se wild. Sy werk bring hom naby aan verskeie wilde diere, waar hy praktiese ervaring opdoen met die behandeling en beskerming van diere.Tydens die studente se ervaring sal die natuurstudente saam met Dr. Heinrich Vollgraaff werk en eerstehands leer hoe dit is om met wild en natuurbewaring te werk.











TOERBROERS KAMPUS

UKUTULA GAME LODGE

The farm Klipkop, Brits, Noord-Wes



Fokus Areas


Biobanke | Lodging | Gasvryheid | Vrylating van leeus


PRAKTIESE PROGRAM


4-24 JULIE 2027


Die lodge staan bekend as die “plek van stilte” en is geleë in ’n welige bosveld waar die gebrul van die leeu kilometers vêr gehoor kan word. Die reservaat bestaan uit 260 hektaar ongerepte bosveld met ’n verskeidenheid wildspesies, insluitend roofdier- en wildsbokspesies, kameelperde, sebras en meer. Ukutula is ook die tuiste van meer as 130 verskillende voëlspesies.

Sedert 2006 is talle professionele soogdiernavorsingstudies deur verskeie wetenskaplike navorsingsinstellings en professionele persone by Ukutula Game Reserve uitgevoer. Tans bied die Ukutula Conservation Centre (UCC) & Biobank ’n aantal navorsingsprojekte aan deur verskeie akademiese instellings, internasionale navorsers en nagraadse studente. Dit sluit onder andere ’n langtermynstudie oor die endokriene/hormonale veranderinge in leeuwyfies en die invloed daarvan op voortplanting, ’n studie oor die effek van welpie-/wildinteraksie op menslike verbintenis met wild en hul verhouding met die natuur, asook verskeie ander projekte oor kattevoortplanting en die kriopreservering van genetiese materiaal van bedreigde wildspesies in.




























TOERBROERS KAMPUS

HOOFKAMPUS: CASTLE WALK ESTATE


14km buite Pretoria op Sefako Makgatho Drive, Castle walk Rd, Roodeplaat

MODELINGE EKSAMEN
23-27 AUGUSTUS 2027

Studente keer terug na die hoofkampus vir mondeling eksamens. Gedurende hierdie tyd sal hulle ook die geleentheid kry om hulle CV op te stel en dit uit te stuur na plaaslike en internasionale werkgewers. Ons gebruik ook die geleentheid om vir die Gala Funksie voor te berei. Gedurende die tyd sal ontbyt middagete en aandetes voorsien word.













TOERBROERS KAMPUS

VAALWATER

Vaalwater, Limpopo

Fokus Areas

Jag(Concession) Selfonderhoud Vleisverwerking

Waterberg bioom Eco en Agri toerisme

PRAKTIESE PROGRAM

5-25 SEPTEMBER 2027

Gedurende die drie weke wissel studente elke week tussen verskillende areas en aktiwiteite, sodat hulle blootstelling kry aan ’n wye verskeidenheid van werksomgewings en vaardighede.
Studente kry die geleentheid om nie net op die Wildplaas en Leefstylplaas te werk nie, maar ook om by kultuuraktiwiteite, restaurante, gasvryheid, boerdery, natuur en verskeie gemeenskapsprojekte betrokke te raak. Hierdie afwisseling gee studente waardevolle praktiese ervaring en die kans om nuwe vaardighede aan te leer terwyl hulle die unieke leefstyl en gemeenskap van Vaalwater ervaar.









TOERBROERS KAMPUS

MOHOLOHOLO

Limpopo

Fokus Areas

Rehabilitasie | Verblyfbestuur | Biome | Gasvryheid


PRAKTIESE PROGRAM

3-23 OKTOBER 2027


Moholoholo Mountain View bied studente die unieke geleentheid om meer oor gasvryheid, wildsplaasbestuur en die onderhoud van so ’n eiendom te leer. Verder kry studente ook opleiding rondom natuurbewaring en rehabilitasie by die wêreldbekende Moholoholo Rehabilitasiesentrum, die tuiste van onder andere Stoffel, die ratel.

Studente en vrywilligers van regoor die wêreld kom hierheen om wêreldklasopleiding te ontvang.













TOERBROERS KAMPUS

PHUMULA GUESTHOUSE

Swaziland

Fokus Areas

Kultuurtoerisme





PRAKTIESE PROGRAM
KULTUUR

31 OKTOBER -20 NOVEMBER 2027

Ons laaste kampus. Jou laaste stap voor die wêreld wag.Phumula Farm Guesthouse, geleë in die rustige platteland van Eswatini, bied aan ons studente 'n unieke omgewing om hul kampusjaar af te sluit. Hier kom opleiding, praktiese ervaring en die laaste herinneringe van hul studentejaar bymekaar.
As die finale kampus in die Toerbroers-reis, gee Phumula studente die geleentheid om hul kennis en vaardighede verder te ontwikkel, terwyl hulle hulself voorberei vir die volgende hoofstuk ná hul opleiding.
Van die eerste dag van opleiding tot hierdie laaste kampus – Phumula is waar die reis bymekaar kom en die toekoms begin.







SWA-ZULU GAME LODGE

Brits, Noord-Wes

Fokus Areas

Genetika | Gasvryheid | Verskye diere vir natuurkunde

Kampwild | Verblyfbestuur | Wildveiling

PRAKTIESE PROGRAM

NATUUR

31 OKTOBER -20 NOVEMBER 2027

Swa-Zulu Game Lodge, waar luuksheid en avontuur ontmoet. Studente sal by die lodge die geleentheid kry om praktiese ondervinding in onder andere gasvryheid, lodge- en plaasbestuur, sowel as natuurkunde, op te doen. Swa-Zulu het die WRSA se “Tourism Establishment Award” vir 2024 ontvang. Hulle is ook deel van die “Prestigious Wildsveilings”, waar hulle hul teelgenetika op wildsveilings aanbied.

Swa-Zulu word deur meer as 1500 gaste per jaar besoek en bied die volgende aktiwiteite:

- Wildteel
- Jag
- Bosveld wegbreke
- Wildsritte
- Funksies
- Trou Venue
- Perderitte
- Bootrit op Roodekoppies dam



